# BOEKRESENSIE

C. van der Waal. 1984: **Het evangelie naar Johannes.** Oosterbaan & Le Cointre.

1. DIE BOEK SELF

Die boek is 'n papierrug uitgawe, maar baie goed gebind. Dit vertoon nog netjies nadat dit deurgelees is.

2. AANBIEDING

Die skrywer skryf 'n maklike Nederlands.
Die inhoud is baie "kompak" aangebied, aangesien die skrywer die inhoud van die Johannesevangelie perikoopsgewys verklaar. Dit veroorsaak dat daar min spasiëring is, en die oë op die lang duur moeg word.

3. INHOUD

Die skrywer neem telkens 'n perikoop, voorsien dit van 'n gepaste opskrif en meermale ook subindelings en gee daarna sy uiteensetting. Slegs in uitsonderlike gevalle word daar na een enkele vers verwys in die verklaring. Die verloop van elke perikoop word bloot kronologies aangebied.

Die Tema van die Evangelie volgens Johannes is die Evangelie van "water en lig". Die skrywer toon dan aan hoe die hele Ou Testament telkens in die profesië rakende die Messias die element van "lig" beklemtoon. In die beskrywing van die evangelie self, speel "water" weer 'n groot rol.

Die kommentaar is hoofsaaklik 'n homiletiese kommentaar, maar dit moet eerlikheidshalwe beklemtoon word dat dit slegs die hooftrek van die kommentaar is Die skrywer maak dit sy saak om baie Skrifgegewens vergelykend by te werk. Net so word dikwels die sienings van ander teoloë (Bultmann se ontmitologieseringsteologie t.o.v. die bruilof te Kana) bygewerk Op 'n baie spontane wyse word ook argeologiese en historiese gegewens bygewerk om sekere sake toe te lig.

Die Skrywer sny ook soms die verklaring van Griekse woorde aan, en gee dan telkens die vergelykende Hebreeuse terme daarby.

In enkele gevalle is daar sketse of kaarte om aan te dui waar 'n bepaalde gebeurtenis plaasgevind het, of hoe die plek daar uitgesien het.

Die skrywer werk ook voetnote by wanneer daar aangetoon word wat ander teoloë opmerk oor dieselfde saak — veral natuurlik wanneer die skrywer van hulle verskil!

Hierdie werk behoort 'n aanwins te wees op elke predikant se boekrak, en kan moontlik self gebruik word by intensiewe Bybelstudie.

MJdP

C J Smit 1984: **God se orde vir sy Kerk** —; 'n beskouing oor kerkorde. NG Kerkboekhandel, Pretoria. R12.50.

Hierdie werk het gedien as verhandeling ter verkryging van die graad Th M aan die PU vir CHO. As sodanig verryk dit met inhoud en bronnelys die kerkregtelike literatuur. Die werk is besonder stewig en netjies deur die NG Kerkboekhandel uitgegee.

Smit doen indringende eksegese van 1 Kor 12—14 oor die begrip **orde** (taksis). Orde is wat betaamlik gebeur op die manier waarop die gebod van die Here sake orden (11,15). Orde is die kwaliteit van die kerklike lewe en gevolglik gawe en opdrag van die Here waardeur die kerk vrede met God en met mekaar as vrug van versoening vergestalt (19). Die kerk kan dus nie kerk sonder hierdie orde wees nie en Smit verwys na Milner wat sê

dat vir Calvyn die wese van die kerk "orde" was. (22). Dit ontlok dan 'n vraag of die kerk tegelyk "objek" (22) van die orde kan wees? Tereg beklemtoon Smit orde as vrug van versoening. Ek meen dat "nuwe orde" (24, 27 v., 51) tereg met kerk geldentifiseer moet word (vgl. 26, 29). Die vraag is egter of "orde in die kerk" (33) nie op 'n ander verselfstandigde ordebegrip dui nie. Die nuanses in die begrip "orde" is nie duidelik nie.

Dit is belangrik dat Smit beklemtoon dat Christus as Hoof van die Kerk regeer en ministeriëel (dmv dienste) die orde of geordende kerk (35) veroorsaak. Die kerk is vir Smit in Bybelse sin mense (40). Hy gaan daarna egter daartoe oor om die begrip orde **in concreto** te identifiseer met kerkorganisasie (41). Hierdie oorgang van die kerk as mense (of nuwe orde soos Milner uitwys) na die kerk as organisasie, lewer m.i. 'n probleem. Dit mag toegeskryf word aan 'n oorgang van 'n ministriële en Christologiese benadering van die kerk na 'n ekklesiologiesinstitusionele (vgl. 42, 46 v, 51 v). So kan Smit nie vermy dat hy orde heeltemal los van en "vir die kerk" (47) verselfstandig nie. Hoe Smit die verhouding van die orde wat van die Here is en die kerk bepaal, laat oorgaan na 'n "vorm van kerkregering" (47), "'n kerklike orde" vir kerkorganisasie (53), is moeilik te begryp. Miskien moes hy die koninkryk van God as heerskappy (72) hier meer uitgebou het, sonder om die "Koningsreg en die Koningsheerskappy" met die kerkorde te identifiseer en daarin vas te lê (75). Mooi bring hy egter kerkregering in verband met die koninkryk wanneer hy sê dit is nie "diens-met-gesag nie, maar diens-van gesag" (51).

Die oorgang van die orde wat versoening skep na die Kerkorde (54, hfst. 4) kom plotseling. Tereg het ons hier met 'n "menslike" faktor te doen (57), wat m.i. aantoon dat ons hier iets anders het as die "orde" wat die kerk bepaal (vgl. 19, 22 ens) By die kostelike begronding van orde en noodsaaklikheid van 'n Kerkorde vind ek dat Smit se opvatting kan lei tot verabsolutering van 'n Kerkorde en wel bepaaldelik die Dordtse Kerkorde. Hy grond dit soos die Belydenis op die Skrif (60v, 79, 99, 131) en dit lyk na 'n kanonieke bron van gekodifiseerde reg. Om die Kerkorde "geheel en al die werk van die Heilige Gees" te noem (62), gaan te ver.

Smit verwerp my stelling dat Kerkorde "akkoord van kerklike gemeenskap" is (64). Dit kan nie ontken word dat die kerke self sê dat hulle die Kerkorde aangeneem het met "ghemeyn accoordt" nie (91, DKO art. 86). Die KO is dus akkoord, ooreenkoms en kan gewysig word. Die Belydenis is basis vir KO (Biesterveld, Kuyper 1905: XXVII) maar die Kerkorde "ontwerp" (ibid : XXI) dws ooreenkoms van die kerke. Die KO is dus in 'n ander sin as Belydenis akkoord van kerklike gemeenskap.

Die Belydenis druk die **qoud** (inhoud) van die kerklike geloofsgemeenskap (akkoord) en die Kerkorde die **modus quo** (manier hoe van saamlewe op Belydeniseenheid) uit. Gevolglik sou 'n mens ook moet oppas om te beweer dat die ordening van die kerklike lewe deur die kerkorde plaasvind (72), omdat dit baie naby kom aan die kollegialistiese opvatting dat die kerk deur sy kerkorde as wettige ooreenkoms tussen die lede gekonstitueer word (65) en sodoende Smit se vertrekpunt weerspreek die Woord en Gees die orde skep wat die kerk is. Geordende kerklike lewe het immers voor die Dordtse of enige ander Kerkorde voorgekom. Die vroegste Christelike kerke was tog sonder die Kerkorde komplete ordelike kerke. My indruk is dat Smit die Kerkorde as sodanig tot iets op sigself oorspan, bv. met 'n stelling soos "die kerkorde be-

dien slegs die Skrif se gesag" (83). Daar sou aangevoer kon word dat die dienaars kragtens roeping sonder 'n Kerkorde Skrifgesag kan bedien en met 'n uitstekende Bybelse Kerkorde Skrifgesag volledig met menslike kerkgesag kan verplaas. Selfs in die pousdom, 'n totaal onaanvare kerkordelike opset, is Skrifgesag soms nog bedien om ware kerke van God daar te stel (Calvyn: Institusie IV.2.12).

Ek meen dus dat Smit te ver gaan en die Kerkorde totaal oorspan wanneer hy sê dat "die kerkorde tot die wese van die kerk" (97) behoort. Geloof in en gehoorsaamheid aan God (sy Woord) bepaal die wese. Smit het self aangetoon dat die opstellers die Kerkorde vir die "nutticheydt der Kercken" (91) bedoel het. Die Kerkorde is van 1571—1619 deur reeds geordende kerke aanvaar en ontwikkel. Vir die kollegialiste behoort die Kerkorde tot die wese van die kerk omdat die kerk genootskap is. Die DKO wou egter slegs die samelewing tussen plurale kerke in belang van elke kerk se kerk-wees reël. Dit is orde, nie wet nie. Tradisioneel word m.i. tereg in gereformeerde literatuur na die KO (wat optrede in kerkverband reël) as noodsaaklik met die oog op die welwese (maar nie die wese nie) van die kerk verwys.

Hoewel die boek van Smit talle vrae opgeroep het (daar is nog meer), lê sy waarde reeds daarin dat sy unieke aanpak en poging om tussen kerkreg en kerkorde te onderskei (71) en nadruk te lê op die onlosmaaklike band tussen kerkorde en bediening van Skrifgesag, 'n nuwe en fris wind deur die kerkregtelike literatuur laat waai.

As verhandeling vir Th M sou Smit sèker die laaste wees om die werk aan te dien as 'n finale woord op 'n veld waar hy pionierswerk doen. Hy het ongetwyfeld oortuigend geslaag in sy doel om te benadruk hoe noodsaaklik "orde" in die kerk "as Christus se orde vir sy kerk in die wêreld" (1) is.
B. Spoelstra.

Ds P J Buys: **Gemeente en evangelisasie,** Instituut vir Reformatoriese Studie, PU vir CHO, Potchefstroom, 45 bls.

In hierdie studiestuk handel ds. Buys oor die "ontsaglike dringendheid" van die kerk se evangelisasieroeping en spits hom dan daarop toe om 'n metode aan te dui waarvolgens die plaaslike kerk nie slegs tot die besef van sy roeping gebring kan word nie, maar ook gelei kan word in die uitvoering daarvan.

Volgens PJB het evangelisasie nie slegs met getallegroei te doen nie, maar ook met geestelike en strukturele groei. Om hierdie doeleindes te bereik lê hy groot klem op die toerusting van die gelowige in sy amp. Dit moet bereik word deur middel van klein bybelstudiegroepe wat eintlik klein kerkies binne 'n plaaslike kerk vorm. Daardeur word dan die noodsaaklike strukturele groei bewerkstellig.

Ds Buys se entoesiasme vir die evangeliserende taak van die kerk verdien waardering. Dieselfde geld ook vir die aandag wat hy vestig op die belangrikheid van die funksionering van die amp van die gelowige.

Ongelukkig is daar in hierdie studiestuk ook 'n skadukant wat ernstige vrae by die leser mag oproep. byvoorbeeld: Wanneer skrywer voorbeelde gee van belangrike figure wat die "kleinkerk" gedagte propageer, noem hy o.a. ook Prof. J. H. Bavinck. Hy wy 'n bladsy en 'n half aan wat hierdie teoloog sou gesê het by monde van Veenhuizen, sonder om enige werk van Bavinck self aan te dui. Dit is frustrerend vir die leser wat wil kontroleer.

Wanneer Buys beweer dat strukturele groei 'n Skriftuurlike vereiste vir die kerk is, voer hy Hand. 6 : 1—7 (die instelling van die diakenamp) as bewys aan. Kan dit dien as bewys vir **voortdurende** strukturele groei? Dit is maar een van verskeie beweringe van Buys wat m.i. moeilik staanplek kan vind op die Skrifgronde wat hy aanvoer. Ook sal die huwelik wat Buys wil sluit tussen herlewing (revival) en reformasie seker by die gereformeerde leser 'n beklemmende vraagteken oproep. Vgl. o.a. Prof. L. F. Schulze: Reformasie en Herlewing. Woord en Daad, Sept. 1984, p. 14). 'n Interessante en soms inspirerende studiestuk, maar tog ernstig vraagtekens!
L J Botha.

B. J VAN DER WALT ET AL: **VENSTER OP DIE GESIN. Openhartige gesprekke met ouers, kinders en familie.** Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO, IRC Reeks 3, Nr. 19.

Die Venster-reeks publikasies van die IRS het reeds 'n eie plek verower in baie huise, tot so 'n mate dat reeds besluit is om van die werke in Engels te vertaal om dit toeganklik te maak vir 'n wyer leserskring Die rede vir hierdie bekendheid is dat hierin op 'n bevatlike wyse prinsipieel gehandel word oor dinge wat vir die gewone mens van wesenlike belang is in sy alledaagse lewe.

Op hierdie reël is VENSTER OP DIE GESIN geen uitsondering nie. Na 'n inleiding oor die Bybelse openbaring in verband met die gesinslewe. word die werk in vier groter onderafdelings verdeel nl. A Ouers. Hierin word gehandel oor aspekte vanaf gesinsbeplanning tot boedelbeplanning. B. Kinders. Onder hierdie afdeling word gehandel vanaf voorbidding vir die kinders tot sake soos studentehuwelike Afdeling C Gesin, behandel verskeie aspekte van kommunikasie in die gesin, vanaf huisgodsdiens tot gesinsgesprekke. Afdelings D en E handel oor familie en samelewing Nie minder nie as 75 onderwerpe word hier behandel deur net soveel skrywers — waaronder dokters, predikante, huisvroue Die krag van hierdie werk lê in sy verskeidenheid. Tog ontbreek die eenheidstema nie.

Graag sou ek wou dat hierdie werk op die boekrak staan van elke gesin wat erns maak met die vele fasette van die gesins- en familielewe.
C. J. H Venter.

## S.A. TEOLOGIESE TYDSKRIFOORSIG

NED GEREF TEOLOGIESE TYDSKRIF; **Deel XXV, Nr. 2, April 1984.**

"So spreek die Here" — Die dialoog as openbaringstruktuur — Dr. T. J. Dreyer, bl. 142; Monotheism and the faith of Israel — Rev. C R. Dickson, bl. 162; Jesus se verhoor voor die Joodse Raad volgens Joh. 18 : 19—24 — Prop. J. D Thom, bl. 172; Belydende kerkreg in Duitsland en die Ned Geref Kerk — Dr. P Coetzee, bl. 179; Heilshistorische Prediking — Prof C. Trimp, bl. 188; Voortgesette teologiese opleiding vir predikante — Prof. A. B du Toit, bl. 196; Kuns, Reg en Christen — Prof J. C. W. van Rooyen, bl. 216;

HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES; **Jaargang 40, Aflewering 1, Feb. 1984;**

Wyle prof. J. I. de Wet, B J. Engelbrecht, bl 3; Vernuwing van die erediens — M. J du P. Beukes, bl. 7; Eksegese in die Praktyk — A. P. B. Breytenbach, bl. 36;Die boodskap van Romeine — B J. Engelbrecht, bl. 52; Verskil in Skrifbeskouing en Skrifuitleg as 'n probleem in die Tussenkerklike Kom-

missie — J. J. Engelbrecht, bl. 66; Die noodsaaklike onderskeiding tussen pastoraat en evangelisasie ten opsigte van die probleem van kerklosheid en kerkloosheid — T. F. J. Dreyer Jr. bl. 73; Die Afrikaanse Bybelvertaling 1983 — enkele aantekeninge — J. P. Oberholzer, bl. 82; Die reformatoriese grondbeskouing oor die Christen as "simul iustus et peccator" in die lig van Rom. 7 : 14—25 — G. M. M. Pelser, bl 92; Rondom die begrafnisdiens — A. D. Pont, bl. 111; Die weg van die teks na die preek Die verkondiging van die Nuwe Testament as 'n kommunikasie-gebeurtenis — A. G. van Aarde, bl. 123; Die teologiese opleiding en kurrikulumondersoek — P. J. van der Merwe, bl. 141.

HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES **Jaargang 40, Aflewering 2, Mei 1984;**

Hermeneutics of NT eschatological texts — Lars Hartman, bl. 4; Inleiding in die teologiese arbeid van Walter Schmithals — P. B Boshoff, bl. 16; Die eksegetiese proses: verleentheid of geleentheid — J. A. van Biljon, bl 60; Die rol van 'historisiteit' in die kommunikasie van die wondervertelling, 'n evaluering van twee eksegetiese benaderings — E J. Vledder, bl 71; Die invloed wat Calvyn uitgeoefen het op die samestelling van die eerste kerkordes van die Franse, Skotse en Nederlandse Kerke gedurende die sestiende eeu — A. D. Pont, bl. 120; Afbeeldinge van Christus. Die toepasbaarheid van die leer van die an en enhupostase om die tweede gebod op Christus van toepassing te maak — D. J. Smith, bl. 133; Proefbespreking: Van Aarde, A G — God met ons. Die teologiese perspektief van die Matteüsevangelie (J. H. Barkhuizen), Dreyer, T. F J. (sr ) — Vrymesselary as groep in, naas en teenoor die kerk (H. G. van der Westhuizen) bl 145.

JOURNAL OF THEOLOGY FOR SOUTHERN AFRICA, **March 1984, No 46;**

Contextual Preaching — H. J. C. Pieterse, p. 4; Theological Language: its Problematic Character — Brian Gaybba, p. 11; Bishop Colenso and Eucharistic Theology — Ian Darby, p. 20; The Blantyre Scandal, Scottish Missionaries and Colonialism — Peter Hinchliff, p. 29; Apartheid, The New Zealand Churches, and the 1981 Springbok Tour — Christopher Nichol and James Veitch, p 39; Peace, Justice and the Eloff Commission Report, p. 49;

SKRIF EN KERK, **Jg 5 Nr. 1 (1984):**

Martin Luther se beskouing van die ekumene met verwysing na die kontemporêre situasie binne die Federasie van Evangelies-Lutherse Kerke in Suider-Afrika — G. J. Beyers, bl. 3; Tyd en omstandigheid, Metode en Skrifbeskouing in 'n blik op die 1933-vertaling — J P. Oberholzer bl 8; Enkele gedagtes na aanleiding van 'n oorsese studiebesoek.

JOURNAL OF THEOLOGY FOR SOUTHERN AFRICA, **June 1984, No. 47;**

Select Bibliography on Barmen and the German Church struggle p 3; Christ the Centre — Heinrich Vogel p. 4; The Barmen Theological Declaration: its Historical Background — Douglas S. Bax p. 12; What does "Status Confessions" mean? — D. J. Smit p 21; Augsburg, Barmen and Ottawa — Charles Villa-Vicencio p. 47; Barmen: Symbol of Contemporary Liberation? — John W. de Gruch p. 59; Sermon: Barmen and Apartheid — Desmond Tutu p 73; The Barmen Declaration: a new English translation by Douglas S. Bax — p. 78; Looking in from the Outside — p. 83

NED GEREF TEOLOGIESE TYDSKRIF; **Deel XXV, Nr. 3, Julie 1984.**

Calvin as an Old Testament commentator — Prof. W. McKane, bl. 250; The freedom of the exegesis — Prof. N. S. L. Fryer, bl. 260; Hom 6 : 3—4 in die diskussie oor die vorm van Christelike doop — Prof. J. du Preez, bl. 270;

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Eerste Vryheidsoorlog. 'n Studie van die reaksie op die gebeure in die Zuid Afrikaansche Republiek in die Kaapkolonie tydens die jare 1877—1882 — Ds. J. F. Mouton, bl. 277; Justice and Mercy — biblical perspective and practical implementation — Prof. P. C. Potgieter, bl. 300; Die rol van getuienis en die Woord in die pastorale gesprek — Dr. E. L. van Niekerk, bl. 305; Die gemeenteleraar en die psigiatriese pasiënt — Ds. J. T. de Jong van Arkel, bl. 311.

HERVORMDE TEOLOGIESE STUDIES; **Jaargang 40, Aflewering 3, Augustus 1984.**

Verbond en verbondstekens in die Ou Testament — 'n terreinverkenning — A. P. B. Breytenbach, bl. 4; Verbond en sakrament/doop in die intertestamentêre literatuur — G. M. M. Pelser, bl. 14; Die verbondstruktuur in die Nuwe Testament — 'n terreinverkenning met die oog op die debat oor die verhouding kinderdoop-verbond — A. G. van Aarde. bl. 28; Verbond en kinderdoop in die patristiese literatuur — enkele opmerkings — J. J. Engelbrecht, bl. 56; Doop, sending en die opkoms van die juridiese kerkbegrip — P. J. van der Merwe bl. 62; Die kinderdoop en die verbond by die reformatore Zwingli en Bullinger, 'n kort oorsig — A. D. Pont, bl 68; Calvyn se doopleer — J. J. Steenkamp, bl 79; Die verbondstruktuur in die belydenisskrifte en formulier — J. H. Koekemoer, bl. 100; Wat is 'n sakrament? 'n Poging om 'n antwoord te vind — G. C. Velthuysen, bl. 106; 'n Kort samevatting van die bespreking — A. P. B. Breytenbach, bl. 117; Proefskrifbespreking. bl. 119.

## BOEKE ONTVANG

W S Prinsloo 1984. **VAN KATEDER TOT KANSEL.** 'n Eksegetiese verkenning van enkele Psalms. NG Kerkboekhandel, Posbus 245, Pretoria R9,75.

Red B J van der Walt 1984: **OUR REFORMATIONAL TRADITION.** A rich heritage and lasting vocation IRS, PU vir CHO. 552 blss R12 00.

Red W S Vorster 1984: **Sexism and Feminism in theological perspective.** Miscellaned Congregalia 24 Unisa Pretoria. R11.50.

B J van der Walt 1984: **Ulrich Zwingli. Sy boodskap vir Suid-Afrika vandag.** IRS. PU vir CHO. Studiestuk 199 Reeks F1 35 blss.

**IRS-STUDIESTUKKE. PU vir CHO**

C J Malan: Materialisme — ons dodelikste vyand F1 nr. 200 15 blss.

J Chao: Towards an evangelical theology in totalitorian cultures with special reference to socialist China. F1 nr. 189. 20 blss.

P W Buys: Luther die Reformasie en ons. F1 nr. 191. 15 blss.

J H van Wyk: Calvyn oor die Christelike lewe F nr. 192. 13 blss.

T van der Walt: Herdenk(ing van) die Hervorming. F1 nr. 190 12 blss.

T van der Walt: In U Lig — my Lewe en Roepingsvervulling F1 nr. 183. 21 blss.

B Duvenage: Beroep en Roeping. F1 nr. 188

J M Vorster Die roeping van die kerk in die SA politieke problematiek. F nr. 194.

G J Spykman: Calvinism in America — Review and Reflections. F1 nr 193.

J L van der Walt: Die verhouding tussen gesag en vryheid as hedendaagse probleem. F1 nr. 197.

E Schuurman: Information Society: Impoverishment or enrichment of culture. F1 nr. 198.